

# Idees vir die erediens



Jaco van Niekerk is leraar van die NG Gemeente Ermelo.

## Brood

**P**rediking oor Johannes 6:35 (“Ek is die brood wat lewe gee”), kan prakties geïllustreer word deur vooraf brood (nie sierbrode nie, maar gewone brood) te laat bak. Hierdie brood kan kleiner wees as die normale grootte brood, soos dié wat ’n mens by die bekende kolonel se besigheid op die hoek kry wat gaar hoenderporsies verkoop.

Stal die brood so uit dat dit van oral

in die kerk sigbaar is en aandag trek. Vertoon tydens die erediens eenvoudige prente van brood op die skerms. Gebruik dan kinders om aan die einde van die erediens met mandjies brood deur die kerk te stap en aan elke kerkganger ’n brood te oorhandig, terwyl die gemeente “U het die brood gebreek / U is die lewensbrood” sing.

Stuur die gemeente uit met die opdrag om hierdie brood tuis te breek, Jesus se “Ek is die brood wat lewe gee”-boodskap te onthou en die betekenis daarvan as gesin te bespreek en feestelik te vier.

## Spykers

Soms het ’n mens ’n behoefte daaraan om in jou prediking iets te gebruik om ’n geloofswaarheid te onderstreep.

Met ’n klein bietjie verbeelding kan jy jou lidmate help om die verhaal van Jesus se kruisiging nuut te ervaar. Hoewel daar in geeneen van die evangelies in hierdie vertellings gesê word dat Jesus met spykers aan die kruis vasgeslaan was nie, weet ons uit Johannes 20:25 dat dit wel so was.

Koop vooraf spykers (middelmatige

grootte spykers wat ’n mens maklik in jou handpalm kan toevou sodat die kop en die punt aan weerskante uitsteek). Was die spykers (nuwe spykers is gewoonlik olierig).

Laat die diakens (of enige ander groep lidmate) ná afloop van die prediking aan elke kerkganger ’n spyker oorhandig. Moedig almal aan om hulle spyker soos boekmerke in hulle Bybels te bêre. Elke keer as jy die spyker sien, moet dit jou opnuut herinner aan die lyding wat Jesus moes deurmaak – ter wille van jou.

Waar die appèl van die prediking sterk val op sondebelydenis en die feit dat Jesus se kruisdood ons vrymaak van sonde, kan ’n groot houtkruis op ’n sentrale plek in die kerk opgerig word.

Nooi kerkgangers om na vore te kom en simbolies hulle sonde neer te lê deur die spykers wat aan hulle uitgedeel is, met ’n hamer in die kruis in te slaan. ’n Toepaslike lied met bekende woorde kan in die agtergrond gespeel word. Reël met die orrelis / orkes / instrumentalis om hierdie lied te herhaal, totdat almal wat wil ’n kans gekry het om hulle spykers in die kruis in te slaan.

